



Februarie 2024: Bygewerkte riglyn

TLU SA RIGLYN VIR DIE BESOEK VAN GRAFTE EN DIE OPRIGTING VAN GRAFSTENE OP PRIVAAT EIENDOM

WETGEWING VAN TOEPASSING

Die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, wet no 62 van 1997, artikel 6(4), verskaf die agtergrond vir die oprigting van grafstene op privaat grond. [Any person shall have the right to visit and maintain his or her family graves on land which belongs to another person, subject to any reasonable condition imposed by the owner or person in charge of such land in order to safeguard life or property or to prevent the undue disruption of work on the land.]

Die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg wysigings, 2018 bepaal 'n persoon het die reg om sy of haar familiegrafte op grond wat aan 'n ander persoon behoort, te besoek en in stand te hou, of 'n grafsteen op te rig op die grafte, die grafte te merk, simbole daarop aan te bring of rituele daarop uit te voer onderhewig aan enige redelike voorwaarde opgelê deur die eienaar of persoon in beheer van sodanige grond ten einde lewe of eiendom te beskerm, of om die onbehoorlike ontwinging van werksaamhede op die grond te voorkom.

Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no 25 van 1999

'n Paar omskrywings wat van belang is:

Argeologies	beteken ouer as 100 jaar wat insluit menslike en hominiëde oorblyfsels.
Beskerming	beteken in terme van erfenis hulpbronne wat insluit die beskerming, onderhoud, beskerming en volhoubare gebruik van plekke of voorwerpe om hulle kulturele betekenis te beskerm.
Graf	beteken 'n plek van begrafnis en sluit in die inhoud, grafsteen of enige ander merker by so 'n plek, en enige ander struktuur daarby of geassosieer met sodanige plek.

In terme van die bestuur van nasionale erfenis hulpbronne sluit die Nasionale boedel in die grafte and begrafnis area van argeologiese plekke (d.w.s. ouer as 100 jaar). Dit beteken hierdie grafte is deel van die nasionale beheer onder die SAHRA (South African Heritage Resources Association). Grafte wat nog op privaat eiendom voorkom wat spesifiek onder die beheer van SAHRA val is:

- Voorvader grafte
- Koninklike grafte en grafte van tradisionele leiers
- Historiese grafte en begraafplase

Daar word 'n verpligting geplaas op elke generasie wat 'n morele verantwoordelikheid het om as trustee op te tree van nasionale erfenis. Die bestuur van erfenis bronne bestuur, sluit in die identifisering, assessering en bestuur van die erfenis hulpbronne van Suid Afrika en moet dit ten volle nagevors, gedokumenteer en opgeskryf word.

Waar daar grafte is van erfenis waarde, is die volgende gradering van toepassing:

- Graad I Erfenis hulpbronne met hoeveelheid so uitstaande dat hulle van spesiale nasionale betekenis is. SAHRA is verantwoordelik vir die identifisering en bestuur van graad I erfenis hulpbronne and moet die hulle die bestuur koördineer en monitor binne die Republiek van SA vir die Nasionale boedel.
- Graad II Erfenis hulpbronne wat oorweeg kan word vir die spesiale hoeveelheid, betekenis maak in the konteks van 'n provinsie of 'n streek. 'n Provinsiale erfenis hulpbronne gesag is verantwoordelik vir die identifikasie en bestuur van graad II erfenis hulpbronne en wat onder die provinsiale bekwaamheid van die gesag val.
- Graad III Is ander erfenis hulpbronne waardig vir beskerming. 'n Plaaslike gesag is verantwoordelik vir die identifisering en bestuur van graad III erfenis hulpbronne wat binne hulle bekwaamheid val.

Belangrik: 'n provinsiale erfenis hulpbronne gesag mag geen funksie verrig in terme van die bestuur of erfenis hulpbronne indien hulle nie bevoeg is om so te doen nie. Chapter I part 1 paragraph 8(6)(a).

Geen persoon mag vernietig, beskadig, verneder, opgrawe, verander, verwyder van sy oorspronklike posisie, onderverdeel of verander die beplanning status of enige erfenis plek sonder 'n permit uitgereik deur die erfenis hulpbronne gesag verantwoordelik vir die beskerming van die plek. Dit is die verantwoordelikheid van die eienaar of toesighouer van 'n erfenis voorwerp om die voorwerp in 'n goeie toestand en veilige plek te bewaar.

BASIESE VERPLIGTINGE BY DIE INDIEN VAN 'N AANSOEK:

1. Die persoon(e) wat die grafte wil besoek móét skriftelike aansoek doen en die aansoek motiveer. Die volledige aansoek om grafte te besoek of grafstene op te rig op privaat eiendom moet voltooi word deur die aansoeker.
2. Neem kennis van die inligting van die aansoek. Dit is belangrik. Die aansoek is opgestel in ooreenstemming met die voorgestelde protokol van die kommissie vir die bevordering en beskerming van die regte van kulturele, godsdiens en taalkundige gemeenskappe.
3. Gesertifiseerde Afskrifte van die identiteitsdokument(e) van die persoon(e) moet aangeheg word by die skriftelike aansoek.
4. Hy/sy/hulle moet presies weet waar die graf is. Die aansoeker(s) moet onder GEEN OMSTANDIGHEDE NA DIE GRAF KOM SOEK NIE.
5. Die aansoek kan by die TLU kantoor ingehandig word wat die aansoek met die grondeienaar sal koördineer. Dit verhoed dat die aansoeker die eiendom besoek met die voorwendsel om 'n aansoek in te dien en dan druk op die grondeienaar plaas om bietjie rond te loop en te soek vir die graf.
6. Indien die aansoek se inligting geverifieer is en goedgekeur is, moet die nodige ooreenkoms en vrywarings deur die aansoekers ingedien word voordat enige besoeke afgelê word.
7. Indien die grondeienaar die besoek toelaat en daar is 'n eis op die grond, moet die besoekers 'n dokument onderteken met die volgende voorwaardes: • Dat die oprigting van die grafsteen nie gebruik sal word as bewys in die eis nie; • Dat die oprigting van die grafsteen nie aan die eisers die reg gee om te bewys dat die eis geldig is nie;
8. Slegs lede waarvan afskrifte van identiteitsdokumente saam met die aansoek ingedien is, sal oop die eiendom toegelaat word.
9. Die protokol bepaal slegs 15 persone per geleentheid sal toegelaat word om die grafte te besoek ten einde beheer toe te pas oor die besoekers. Waar daar meer as 15 persone is, moet daar geleentheid geskep word om in groepe van 15 die grafte te besoek. Moet geensins busse of huurmotors met meer as 15 persone toelaat op die eiendom nie.
10. Die grondeienaar moet nie die graf uitwys waar daar twyfel is oor waar die graf geleë is nie. Die aansoeker is verantwoordelik om die graf/te uit te wys binne 'n billike tydperk. Daar kan nie vir ure na grafte gesoek word nie. Waar daar reeds bevestiging is van die plek waar die graf/te geleë

is, kan hulle deur die grondeienaar of 'n persoon wat deur die grondeienaars aangewys is, begelei word na die graf.

11. Onder GEEN omstandighede mag hopies klippe gepak word nie.
12. Onder GEEN omstandighede mag enige strukture op ou bestaande grafte opgerig word sonder die toestemming van die grondeienaar nie.

BESTAANDE GRAFTE EN BEGRAAFPLASE/ SKUIF VAN BESTAANDE GRAFTE

Dit kom gereeld voor waar naasbestaandes 'n versoek rig of die grondeienaar beveel aan dat grafte geskuif word aangesien die reëlings met die grondeienaar vir die naasbestaandes nie vanpas is nie. In so 'n geval moet die grondeienaar wat die toesighouer is en daar 'n verpligting op hom geplaas word deur wetgewing, deeglik bewus wees van die vereistes wat daarmee gepaard gaan.

Geen persoon mag sonder 'n permit uitgereik deur SAHRA of 'n provinsiale erfenis hulpbronne gesag:

- Vernietig, beskadig, verander, verbrand of skuif die graf van enige erfenis ouer as 60 jaar wat geleë is buite 'n formele begraafplaas.

Grafte jonger as 60 jaar wat nie die graf van 'n slagoffer of konflik of van kulturele erfenis is nie, word nie beskerm deur die National Heritage Resources Act nie. Hierdie grafte is wel onderhewig aan die Human Tissue Act en plaaslike regulasies byvoorbeeld begraafplaas ordonnansies/ bywette of beleide.

Waar 'n graf geskuif word moet die volgende geskied:

- Die plaaslike regering moet in kennis gestel word en goedkeuring verkry word
- Die plaaslike regering moet 'n lys van die name van al die persone wat begrawe is op die spesifieke plek bekend maak in die plaaslike koerant, provinsiale koerant of waar moontlik is vir kennisname deur die naasbestaandes. Dit is belangrik dat daar so veel as moontlik geleenthede gebruik moet word om naasbestaandes op te spoor indien dit nie bekend is aan die grondeienaar nie.
- Die kennisgewing wat uitgereik word, moet 'n beroep doen op alle naasbestaandes van die oorledenes om te reageer en die oorblyfsels op te eis. Indien niemand reageer nie, bly die oorblyfsels in die diskresie van die plaaslike regering.
- Dit is onwettig in terme van die Human Tissue Act vir enige persoon om oorblyfsels van menslike aard te hou in persoonlike besit indien hulle nie 'n permit het nie.
 - * Die Exhumations Ordinance No 12 van 1980 en wysigings verhoed die ontheiliging, vernietiging en beskadiging van grafte in begraafplase en houers wat menslike oorblyfsels bevat, die verwyder en her-teraardebesteding van liggame sonder toestemming. Hierdie ordonnansie word steeds deur munisipaliteite geïmplementeer.
- Indien 'n aansoek ingedien word om 'n graf te skuif is die volgende van belang:
 - o Aansoek moet gedoen word by die administrateur in skrif volgens die amptelike aansoekvorm vir 'n permit: Burial Grounds and Graves. Beskikbaar vanaf SAHRA
 - o By die skuif van grafte moet 'n historiese en argeologiese verslag ingedien word wat bevestig die oorspronklike plasing, uitleg, voorkoms en beskrywings met grafieke en foto's. Die verslag moet in 'n permanente argief gestoor word.
 - o Duidelik beskryf waar die oorblyfsels her-begrawe gaan word
 - o Die rede waarom die graf verskuif word
 - o Die metodes wat gevolg gaan word om die graf te skuif
 - o Skriftelike toestemming van die plaaslike regering, naasbestaandes en hulle godsdienstige vereniging (indien van toepassing)
 - o By die uitgrawe van grafte moet 'n argeoloog teenwoordig wees wat die identifikasie, klassifikasie, data vaslegging en beskerming van die oorblyfsels sertifiseer.
 - o Alle oorblyfsels moet weer begrawe word met alles wat daarmee geassosieer kan word.

- o Die oorblyfsels van elke graf moet in individuele kiste of gepaste houers geplaas word en permanent gemerk word vir identifikasie
- o Herbegrave van oorblyfsels moet elkeen individueel weer begrawe word met die oorspronklike graf uitkenning merke.
- o Enige materiaal van die oorspronklike graf soos kettings, randstene, heinings, ens. moet ook geskuif word.
- o 'n kennisgewing van permanente aard moet op die nuwe graf geplaas word wat die oorsprong van die graf aandui asook alle inligting wat daarmee geassosieer kan word.
- o Daar moet addisioneel ook toestemming verkry word van die landdros, die SAPD asook die plaaslike munisipaliteit voordat enige grafte geskuif of verwyder word uit die oorspronklike posisie

RITUELE IN TERME VAN DIE OPNEEM VAN DIE GEES

Daar is gevalle waar families kan verkies om eerder die gees op te neem op 'n tradisionele manier tydens 'n ritueel, aangesien bogenoemde prosedure vir die skuif van die graf nie prakties moontlik is nie. Die aanbeveling is dat lede hierdie aansoek oorweeg aangesien die familie dan in werklikheid slegs die "gees" skuif en nie in werklikheid die graf as sulks nie. Indien die gees nie meer aanwesig is by die graf volgens die geloof van die familie nie, is die oprigting van 'n grafsteen eintlik nie meer toepaslik nie.

Waar hierdie tipe versoeke oorweeg word, moet die grondeienaar:

- Seker maak dat die familie wat ten volle gemagtig is daartoe 'n skriftelike versoek indien.
- Die grondeienaar moet skriftelik terugvoer gee vir goedkeuring. Indien die aansoek nie goedgekeur word nie, moet die grondeienaar wettige en geldige redes daarvoor verskaf.
- Alle inligting moet gedokumenteer word met die handtekening van die gemagtigde verteenwoordiger ten einde 'n eis van die familie te voorkom vir onregmatige aksies op 'n familie graf.
- Waar moontlik moet die grondeienaar foto's neem tydens die ritueel as bewys dat dit plaasgevind het.

Dokumente vir gebruik deur die grondeienaar:

1. Vrywaring vorm om graf(te) op plaas te besoek = 1 bladsy
2. Indemnity agreement to visit graves = 1 bladsy
3. Aansoek om graf(te) te besoek/ Application to visit graves = 5 bladsye

VRYWARING OORENKOMS OM GRAF(TE) OP PLAAS TE BESOEK

Hierdie VRYWARING OORENKOMS, word gesluit tussen

("Grondeienaar")

En

("Behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van besoekende entiteit")

1. Ek verklaar hiermee dat ek die groep wat ek verteenwoordig hiervolgens ingelig het.
2. As behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van besoekende entiteit stem hiertoe in om die grondeienaar te vrywaar, onskadelik van en teen enige en alle eise, aanspreeklikheid, verlies, uitgawes, regsgeding, skade, regs uitsprake, eise en kostes (ingesluit redelike regskostes en uitgawes) wat mag voortspruit uit enige aksies wat mag voorkom geheel of gedeeltelik, deur die besoek aan die eiendom soos gespesifiseer in die ooreenkoms.
3. Verklaar dat enige party wat met die besoek geassosieer word hierdie ooreenkoms sal nakom soos hierbo uiteengesit.
4. Ek verklaar dat ek die ooreenkoms verstaan en sal alle spesifikasies sal nakom soos daarin vervat. Ek aanvaar die gevolge en sanksies wat geïmplementeer mag word deur die grondeienaar sou enige persoon die ooreenkoms oortree.
5. Ek aanvaar hiermee dat die besoek op die eiendom plaasvind op eie risiko.
6. Ek aanvaar hiermee dat die grondeienaar die reg behou om enige persoon/persone wat nie gehoor gee aan die onderneming nie, summier te verwyder.
7. Ek aanvaar hiermee om alle verpligtinge na te kom vanweë enige eise of verrigtinge wat mag voortspruit uit bogenoemde aspekte.
8. Die verpligting op die besoekende party onder hierdie ooreenkoms sal voortbestaan tot in ewigheid.
9. Enige mislukking of vertraging deur enige party om sy regte uit te oefen, regte of voorregte hieronder of om aan te dring op nakoming of optrede deur enige ander voorsiening van hierdie ooreenkoms sal nie vertolk word as 'n kwytskelding van hierdie ooreenkoms.

DEUR GETUIES HIERIN, kom die partye ooreen dat hierdie ooreenkoms deeglik uitgevoer en effektief is vanaf die datum soos onderteken.

BEHOORLIK GEVOLMAGTIGDE VERTEENWOORDIGER

NAAM

GRONDEIENAAR

NAAM

DATUM

INDEMNITY AGREEMENT TO VISIT GRAVE(S) ON THE FARM

This Indemnity Agreement, is closed between

("Owner of property")

And

("Duly authorized representative of visiting entity")

1. I declare that have informed the group that I represent regarding this agreement.
2. As duly authorized representative of the visiting entity, I agree to indemnify the land owner against any and all claims, any liability, losses, costs, damages, lawsuits that may sprout from any action as a result of this visit to the property as specified.
3. Declare that any party that is associated with this visit, will fulfill the agreement as agreed upon.
4. I declare that I understand the agreement en will fulfill all spesifications as per agreement. I accept the consequences and sanctions that may be implemented if anybody is in breach of the agreement.
5. I agree that the visit on the agreed upon property is at our own risk.
6. I agree that the property owner reserves the right to immediatly remove a person(s) that is in breach of the agreement.
7. I accept to adhere to any claims or proceedings that may arise fromabove mentioned aspects.
8. The obligation on the visiting entity shall not expire under this agreement.
9. Any failure or delay by any party to exercise his rights, privileges mentioned or to insist on compliance or provision of this agreement, will not be seen as a waiver to this agreement.

As witness herin, parties agree that this agreement shall be implemented en effective as per date signed below.

DULY AUTHORIZED REPRESENTATIVE

NAME

OWNER

NAME

DATE

AANSOEK OM GRAF(TE) TE BESOEK / GRAFSTEEN OP TE RIG OP PRIVAAT EIENDOM
APPLICATION TO VISIT GRAVE(S) / ERECT TOMBSTONE ON PRIVATE PROPERTY

VOLLE NAAM EN VAN, VAN AANSOEKER(S) / FULL NAME AND SURNAME OF APPLICANT(S)

.....
.....
.....
.....
.....

MELD FAMILIEBAND VAN AANSOEKER T.O.V. PERSOON WAT OORLEDE IS:

Gebruik asb. addisionele blad indien daar nie genoeg spasie gelaat is nie.

MENTION THE LINK OF FAMILY TO THE DECEASED:

Please use additional page if there is not enough space.

NAAM / NAME..... FAMILIEBAND / FAMILY LINK

NAAM / NAME..... FAMILIEBAND / FAMILY LINK

NAAM / NAME FAMILIEBAND / FAMILY LINK

NAAM / NAME FAMILIEBAND / FAMILY LINK

FAMILIE WAT DIE AANSOEK ONDERSTEUN / FAMILY WHO CONSENTED TO THE APPLICATION

.....
.....
.....

NAAM VAN EIENDOM, REGISTRASIENOMMER (INDIEN BESKIKBAAR) WAAR DIE GRAFTE GELEË IS
NAME OF PROPERTY, REGISTRATION NUMBER (IF KNOWN) ON WHICH THE GRAVES ARE SITUATED

.....
.....

REDE / MOTIVERING VIR DIE BESOEK

REASON / MOTIVATION FOR VISIT

.....
.....
.....

GEBOORTENAAM(E) VAN PERSOON(E) WIE SE GRAF(TE) BESOEK WORD
BIRTH NAMES(S) OF DECEASED WHOSE GRAVE(S) THIS APPLICATION INCLUDE

.....
.....
.....

WAAR HET DIE OORLEDENE GEWOON EN GEWERK?
WHERE DID THE DECEASED LIVE AND WORKED?

GEWOON / LIVED :

VANAF / SINCE TOT / TO

GEWERK / WORKED :

VANAF / SINCE TOT / TO

WERKGEWER / EMPLOYER :

WAT WAS DIE OORSAAK VAN DIE DOOD? WHAT WAS THE CAUSE OF DEATH?

.....

DATUM WAAROP OORLEDENE GEBORE IS / DATE THE DECEASED WAS BORN :

.....

DATUM VAN AFSTERWE : DATE OF DEATH :

.....

IDENTITEIT VAN OORLEDENE – KOPIE VAN STERTE SERTIFIKAAT
IDENTITY OF DECEASED – COPY OF DEATH CERTIFICATE

In die geval waar die familie nie oor 'n sterftesertifikaat beskik nie, moet 'n aansoek by die Departement Binnelandse Sake ingedien word.

In the case the family are not in possession of a death certificate, an application must be made with the Department Home Affairs.

AANGEHEG JA / NEE ATTACHED YES / NO.....

AFSKRIF(TE) VAN IDENTITEITSDOKUMENTE VAN FAMILIELEDE WAT BESOEK SAL BRING AAN DIE GRAFTE. Gebruik asb. addisionele blad indien daar nie genoeg spasie is nie.

COPIES OF IDENTITY DOCUMENT(S) OF FAMILY MEMBERS WHO WOULD VISIT GRAVES. Please use additional page for full information where there are not enough spaces.

NAAM / NAMEAANGEHEG/ATTACHED YES / NO

NAAM / NAMEAANGEHEG/ATTACHED YES / NO

NAAM / NAMEAANGEHEG/ATTACHED YES / NO.....

NAAM / NAMEAANGEHEG/ATTACHED YES / NO

MELD FAMILIEBANDE VAN ELKE PERSOON WAT GRAFTE WIL BESOEK:

Gebruik asb. addisionele blad indien daar nie genoeg spasie gelaat is nie.

MENTION THE LINK OF FAMILY TO THE DECEASED:

Please use additional page in the case there is not enough space.

NAAM / NAME FAMILIEBAND/ FAMILY LINK.....

NAAM / NAME FAMILIEBAND / FAMILY LINK.....

NAAM / NAMEFAMILIEBAND / FAMILY LINK.....

NAAM / NAME FAMILIEBAND / FAMILY LINK.....

MELD STAMVERBAND VAN FAMILIE EN AANSOEKER

(SKRYWE VAN STAMHOOF WAT FAMILIEBANDE BEVESTIG)

MENTION TRIBE OF FAMILY AND APPLICANT

(LETTER FROM TRIBAL CHIEF WHICH CONFIRM FAMILY)

.....

REDE(S) WAAROM BESOEK NOU PLAASVIND / REASON(S) WHY VISIT IS TAKING PLACE AT THIS SPECIFIC TIME

.....

.....

**WANNEER LAAS WAS DIE GRAFTE BESOEK / DEUR WIE / DEUR WIE IS TOESTEMMING VERLEEN
SPECIFY THE LAST VISIT TO THE GRAVES / BY WHOM / WHO GAVE PERMISSION FOR THE VISIT**

LAASTE BESOEK / LAST VISITED

DEUR WIE / BY WHOM

TOESTEMMING / PERMISSION

WAT IS REDE HOEKOM DIE GRAF SO LANKLAAS BESOEK WAS

WHAT IS THE REASON WHY THE GRAVE WAS NOT RECENTLY VISITED

.....

.....

MELD DIE VOLLE AKTIWITEITE WAT TYDENS DIE BESOEK AAN DIE GRAFTE SAL PLAASVIND

MENTION FULL INFORMATION OF ALL ACTIVITIES WHICH WILL BE UNDERTAKEN DURING THE VISIT

.....

.....

.....

TYDPERK BENODIG VIR DIE BESOEK / TIMEFRAME NEEDED FOR THE VISIT

.....

WAAR IS DIE GRAF GELEË OP DIE EIENDOM? WHERE ON THE PROPERTY IS THE GRAVE SITUATED?

.....

Tekening van kaart wat graf se posisie aandui aangeheg / Map indicating position of grave attached
A map is a diagrammatic representation of an area of land showing physical features, distinctively addressing a specific area with outstanding landmarks to indicate a specific location.

Behoorlike begrafnis bevel uitgereik deur 'n lid van die Suid Afrikaanse Polisie Diens of 'n gemagtigde amptenaar van die Direkteur Generaal Binnelandse sake aangeheg
Proper burial order issued by a member of the South African Police Service or an authorized representative of the Director General of Home Affairs attached.

JA / NEEYES / NO
Births and Deaths Registration Act, 1992 (Act 51 of 1992)

Neem asb. kennis bogenoemde aansoek gee nie die aansoeker die reg tot toegang van enige eiendom nie. Vooraf goedkeuring moet vanaf die eienaar verkry word voor enige besoek gedoen word aan die eiendom. Die aansoek sal oorweeg word deur die Unie sowel as die grondeienaar and sal die uitkoms aan die aansoeker gegee word waar in die geval van goedkeuring, 'n ooreenkoms aangegaan sal word vir enige besoeke en geassosieerde aktiwiteite. Waar daar nie die bevestiging van die graf/te op die eiendom is nie, moet 'n voorafgaande afspraak met die eienaar gemaak word ten minste 'n maand voor datum van besoek. Waar die graf/te reeds bevestig was met die eienaar, sal besoek slegs oorweeg word na versoek met minimum 7 dae voor datum.

Please take note that the above application does not grant any applicant the right to enter onto any property. Prior permission must be obtained from the owner of the property before any visit. This application will be considered by the union as well as the property owner and the outcome will be notified whereby consent in the case of approval will be given to the applicant in which case an agreement will be concluded for visit and associated activities. Where there is no grave confirmed on a property, an arrangement with the property owner should be at least a month in advance with such request. Where the gravesite was confirmed with the owner, intended visits must be agreed to by all parties minimum 7 days prior arrangements.

Neem asb. kennis alle besoeke mag nie inmeng met enige boerdery aktiwiteite of bedreiging van lewende hawe of oes nie. Slegs 15 persone sal per besoek aan die grafte toegelaat word by enige gegewe tyd. Waar die versoek bestaan vir meer as 15 persone sal groepe georganiseer word met 15 persone of minder per geleentheid.

Please take note all visits must not interfere with farming activities or endanger crops or livestock. Only maximum of 15 people shall visit the grave/s at any given time. More than 15 people shall arrange in workable groups of 15 or less.

In die geval waar 'n aansoek ontvang word vir die oprig van 'n grafsteen, sogenaamde grafsteen mag slegs opgerig word op die aangewese graf van enige lid van die familie soos geïdentifiseer deur die familie van die graf van die oorledene. Geen veranderinge word toegelaat aan die grafte van enige bestaande struktuur sonder die skriftelike toestemming van die eienaar van die eiendom en enige relevante instansie. Geen permanente strukture mag opgerig word sonder die skriftelike toestemming van die grondeienaar nie.

In the case where an application is received for the erection of a tombstone, such tombstone may only be erected on the designated grave as identified by the family members as the grave of their deceased family member. No changes are allowed to the graves or any existing structures without

the written permission of the owner of the property and any relevant authority. No permanent structures shall be erected without the written permission of the owner of the property.

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat bogenoemde inligting korrek is en ek verstaan die voorwaardes en bepalings van die aansoek.

I, the undersigned, declare that all information as stated above is correct and I understand all the conditions and provisions of the application.

GETEKEN op hierdie dag van 20.....
SIGNED on this day of 20

1.
GETEKEN / SIGNED

.....
NAAM / NAME

2.
GETEKEN / SIGNED

.....
NAAM / NAME

3.....
GETEKEN / SIGNED

.....
NAAM / NAME

4.
GETEKEN / SIGNED

.....
NAAM / NAME

5.
GETEKEN / SIGNED

.....
NAAM / NAME

6.
GETEKEN / SIGNED

.....
NAAM / NAME

KAART VAN GRAFTE OP EIENDOM GELEË – Teken kaart hieronder
MAP OF LOCATION OF GRAVE/S ON PROPERTY - Draw map below